NWK Koöperasie
Inligtingsblad vir NWK klante - No 16 - Januarie 2008

Milde reën voorspel pragseisoen vir die NWK-gebied

Goeie reëns wat einde 2007 regdeur die NWK-gebied geval het, het bygedra tot 'n opheldering in die gemoed van die boerderygemeenskap ná die afgelope twee jare van droogte.

Reënvalsyfers tot 12 Desember 2007 (sien meegaande grafiek) dui daarop dat die 2007/2008-seisoen 'n belowende landboujaar kan wees. November 2007 was 'n droë maand in vergelyking met die langtermyn-gemiddeld, maar Desember van dieselfde jaar het teen die twaalfde van die maand reeds 'n totaal van 74 mm, teenoor die langtermyn-gemiddeld van 90 mm vir Desember, getoon, volgens reënval-neerslae aangeteken by die NWK-silo's.

Die goeie reën het ook 'n positiewe uitwerking op NWK se besigheidsaktiwiteite gehad, met 'n toename in verkope van die volledige reeks insetmiddele.

Volgens Arno van Vuuren van Landboubestuursdienste is die vooruitsigte vir 2008 in terme van grondvog, graanpryse en oesvooruitsigte baie belowend.

"Ons het reeds teen 10 Desember 2007 124% van die langtermyngemiddeld se reënval in ons gebied gekry. September en Oktober 2007 se reënvalsyfers het ook bogemiddeld vertoon. Dit beteken dat grondvog in die hele NWK-gebied gunstig is, wat op sy beurt weer bydra tot 'n bogemiddelde oesverwagting," het Arno gesê.

Henk le Roux (bestuurder: Handel en Kunsmis) sê plantkunsmis se verkope het verbeter as gevolg van goeie vooruitsigte vir die seisoen.

"Met verkope by Handel is dit opmerklik: as die reën laat is, is die verkope laer, veral in terme van onderdele en gifstowwe. In die geval van kunsmis, kon daar nie regtig 'n verskil waargeneem word aan die einde van 2007 nie, omdat nie alle produsente hul toedieningsvlakke verhoog het nie," het Henk gesê.

Wat vloeibare kunsmis-verkope betref, het die afgelope seisoene se klimaat 'n interessante tendens getoon. "Die fabriek het een van die beste Oktobermaand verkoopsyfers in die geskiedenis gedurende Oktober 2007 beleef, met November 2007 wat meer normale syfers getoon het.

"Die vroeë reën het veroorsaak dat produsente reeds vroeër begin saad koop het. Saadverkope sal dus 'n goeie eindverkoopsyfer toon, maar die verkope het meer verspreid deur die seisoen voorgekom, met piektye wat minder druk was," het Johan Verwey (bestuurder: Bemesting en Saad) gesê.

Hy het verder gesê dat die vraag na Roundup

▶ 2



NWK
U tevredenheid is ons trots

Milde reën voorspel pragseisoen...

◀ 1

Ready basters toegeneem het, omdat die vroeë en aanhoudende reën kweek- en uintjie-probleme beklemtoon het. Wat ander gewasse betref, was daar in 2007 'n groter vraag na grasse en voergewasse, soos tef, om die nagevolge van die droogte vinnig te verlig.

Volgens Charles van Niekerk (voorsitter: Suid-Afrikaanse Landboumasjinerie-assosiasie) behoort groter trekkers, wat gewoonlik deur mielieprodusente aangekoop word, se verkope te styg. Een van die redes hiervoor is die positiewe reënvalsyfers wat vroeg in die 2007/2008-seisoen aangeteken is. NWK se trekkerverkope weerspieël ook hierdie stygende tendens.

"NWK Meganisasie se verkoopsyfers vir Oktober 2007 was heelwat hoër in vergelyking met Oktober 2006. November 2007 was ook nie 'n slegte maand nie, hoewel nie so goed soos Oktober nie. Die vooruitsigte vir 2008 lyk belowend," het Piet van Zyl (bestuurder: Meganisasie) bygevoeg.

NWK gasheer vir SA organisasie

Die Suid-Afrikaanse Grondopnemers-organisasie (SAGO) is 'n nasionale organisasie met grondkundiges, grondkunde-tegnici en ander grondgebruikers as lede. SAGO spits hom daarop toe om sy lede en ander belangstellendes se kennis oor grondtipes, die eienskappe daarvan en uiteindelik die optimale en korrekte gebruik daarvan, te verdiep en te verbreed.

SAGO hou jaarliks vier twee-dag werkswinkels. Die eerste werkswinkel vir 2007 het in die Wes-Kaap plaasgevind met die fokus op wingerdgronde. Die tweede werkswinkel was in Pretoria, met die fokus op vleilandgronde. Die derde werkswinkel was op Reitz met mielie- en koringgronde as fokus.

Die vierde werkswinkel is op 18 en 19 Oktober op Lichtenburg gehou met NWK as gasheer. By hierdie werkswinkel is op die klassifikasie en bestuursaspekte van mieliegronde gefokus.

Sowat 40 grondkundiges en belangstellendes het die werkswinkel bygewoon. Die eerste dag is profielgate van die magnesiumryke gronde, op die plaas Twee Buffels van Carl le Roux, bekyk en bespreek. Daarna is die groep na Johan Strydom se plaas, Doornhoek, waar verskeie profielgate van die graniet-gronde ondersoek is.

Dag twee is by Bertus Kruger van die plaas Kalkspruit deurgebring, waar profielgate van die gronde op Ventersdorp-lawa en ook van die kalkgronde bespreek is.

Vir verdere inligting kan SAGO se webtuiste by *www.sasso.co.za* besoek word.

SAGO-lede by 'n profielgat tydens die Lichtenburg-werkswinkel.

NWK Koördinaat wys sy staal

Die eerste uitgawe van NWK Koördinaat is in Junie 2005 gepubliseer. Navorsing om die leserspersepsie van die NWK Koördinaat te bepaal is in September 2007 van stapel gestuur. Data-insameling is deur middel van telefoniese onderhoude gedoen en die steekproefgrootte was 251. NWK Korporatiewe Bemarking deel graag die resultate met ons lesers.

97% van die respondente wat die NWK Koördinaat ontvang, lees die publikasie. 70% van die respondente het aangedui dat hulle alles of ongeveer 'n driekwart en meer lees. 34% van die respondente het aangedui dat hul eggenoot/e ook die tydskrif lees, 13% hul kinders en 4% van hul familie.

Die volgende artikels is as die beste beoordeel:

- Boerderywenke: 89% beoordeel dit as goed en baie goed.
- Voorbladstorie: 88% beoordeel dit as goed en baie goed.
- Artikels oor Graan: 85% beoordeel dit as goed en baie goed.
- NWK Inligting: 81% beoordeel dit as goed en baie goed.
- Finansiële artikels: 78% beoordeel dit as goed en baie goed.

88% van die respondente gee die tydigheid en relevansie van die artikels 'n punt van 7 uit 10 of meer. 85% van die respondente gee die trefkrag van die NWK Koördinaat as kommunikasiemedium 'n punt van 7 uit 10 of meer.

'n Groot dankie aan al ons lesers wat tyd afgestaan het om die vraelys te voltooi.

NWK ondersteun Lichies omgeeprojek

Die NWK Groep en sy personeel het vanjaar die inisiatief geneem om die Lichies omgeeprojek te ondersteun. Die doel van die projek was om die toenemende getal mense in die Lichtenburg gemeenskap te help wat swaarkry en hul Kersfees hierdie jaar op te helder met 'n kerspakkie.

'n Groot houer is sedert Oktober 2007 aangebring in NWK Hoofkantoor se ontvangs, waar personeel dan hul pakkies kon plaas met 'n waarde daarop.

Die doel hiervan was dat NWK aan die einde van die projek die waarde van die pakkies kon verdubbel, wat wel gebeur het. NWK was ook verder betrokke gewees met die aflewer van die pakkies aan die gesinne. Noordfed se kleurvolle VW Caddy is ook vir die doel aangewend.

NWK bedank graag die Bestuur en personeel vir hul pragtige bydrae tot die projek. Ons glo dat daar 'n verskil in 'n paar gesinne se lewens dié Kersfees gemaak is.

Jeanette van der Merwe (projek-organiseerder, links) neem op 29 November 2007 die produkte, wat NWK personeel ingesamel het, in ontvangs by Rita Aspeling, wat as NWK koördineerder opgetree het.

We have to do the best we can. This is our sacred human responsibility.

– Albert Einstein –

Projek Kompas kry gestalte

Elke onderneming moet van tyd tot tyd kyk na die omgewing waarbinne dit besigheid doen en evalueer wat die impak daarvan op die besigheid is. Daarmee saam raak sekere gebruike en stelsels oneffektief en moet vernuwing plaasvind.

Vir dié rede het Projek Kompas op 17 September 2007 afgeskop. Meer as tweehonderd punte is op die tafel geplaas en bespreek. Die punte is verfyn en op 8 Oktober 2007 is daar op veertig aktiwiteite/projekte besluit wat aandag moet geniet.

Tydens die geleentheid is daar op 'n projek-kampioen besluit vir elke projek, met spanlede wat hom behulpsaam gaan wees in die bestuur en afhandeling van elke projek. Die doel van die projek is om te kyk na wat:

- moet ons behou,
- moet gelos word, en
- moet ons skep om waarde toe te voeg vir NWK.

Op 31 Oktober 2007 het elke projek-kampioen tydens 'n vergadering 'n aanbieding gedoen. Tydens die aanbiedinge is die volgende aspekte aangespreek: projekdoelwit, datum en projekbeplanningsaksies.

Die projekte varieer oor die totale spektrum van NWK en sy filiale se aktiwiteite.

I made the most of all that comes and the least of all that goes.

– Sarah Teasdale –

Lui-lui telefoon

Selfone is 'n groot risiko vir versekeraars en is nie ingesluit by Alle Risiko-dekking nie. Verseker dus jou selfoon deur dit te spesifiseer op jou polis.

Finansies

Sesmaande resultate aangekondig

NWK Beperk se tussentydse resultate vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2007 is onlangs bekend gemaak. Die nywerhede en ander vertakkings van NWK het uitstekende resultate getoon, met die gevolg dat NWK vir die halfjaar 'n wins voor belasting van R53,7 miljoen getoon het. Dit is 'n 76,8% verbetering op die ooreenstemmende tydperk vir die vorige finansiële jaar.

'n Tussentydse dividend van 7 sent per aandeel is op 14 Desember 2007 aan geregistreerde aandeelhouers betaal. NWK Beperk se vooruitsigte vir die tweede helfte van die finansiële jaar is positief, synde die vroeë reën en verwagtings dat die komende produksieseisoen meer normaal gaan wees.

Daar word egter verwag dat die aansienlike prysstygings van insetmiddele en gepaardgaande rentekoersstygings die winsgewendheid van graanboerderye negatief sal beïnvloed.

Groter stoorplek vir veevoer

NWK Handel is besig met die bou van 'n nuwe stoor op Lichtenburg. Die stoor sal 1 440 m² beslaan en hoofsaaklik gebruik word vir die stoor van veevoer. Dit behoort in die begin van die nuwe jaar in gebruik geneem te word.

Terug werk toe in Januarie

Die begin van die jaar is sinoniem met die tref van voorbereidings vir die teruggaan skool en werk toe. Kyk dus uit in NWK se handelswinkels vir spesiale "terug skool toe" en "terug werk toe" aanbiedinge.

Voorrade word dán getel

Die jaarlikse voorraadopnames van NWK Handel sal weer vroeg in 2008 plaasvind.

In 'n poging om klante ongerief te spaar, sal die winkels waar moontlik net in die oggend vir voorraadopname gesluit wees.

Slegs drie van die groter winkels se voorraadopname sal op 'n Saterdag gedoen word en dus die hele dag gesluit wees. Produsente kan egter die naaste buurwinkel besoek vir dringende aankope.

Let op die volgende datums wat vir voorraadopnames gereserveer word:

DATUM	HANDELSWINKELS	BEGINTYD
7 Januarie 2008	Econobuild Mafikeng	08:00
8 Januarie 2008	Buhrmannsdrif	08:00
9 Januarie 2008	Skuinsdrif	08:00
10 Januarie 2008	Swartruggens	08:00
12 Januarie 2008	Koster, Koster La Boutique, Koster Bande, Koster Rybaan	06:00
14 Januarie 2008	Coligny	08:00
15 Januarie 2008	Ottosdal	08:00
19 Januarie 2008	Lichtenburg	07:00
21 Januarie 2008	Delareyville	08:00
22 Januarie 2008	Sannieshof	08:00
23 Januarie 2008	Kameel	08:00
28 Januarie 2008	Ekonokoop Zeerust	06:00
4 Februarie 2008	Ekonokoop Lichtenburg	08:00
5 Februarie 2008	Boons	08:00
6 Februarie 2008	Grootpan	08:00
9 Februarie 2008	Zeerust, Zeerust Rybaan	08:00
11 Februarie 2008	Mareetsane, Nooitgedacht	08:00; 07:00
12 Februarie 2008	Biesiesvlei	08:00
13 Februarie 2008	Vergelegen, Piet Plessis	08:00
18 Februarie 2008	Madibogo	08:00

Onderdele beskikbaar vir vloeibare kunsmispompe

Produsente kan steeds hul vloeibare kunsmispompe by die kunsmisaanleg laat diens en ook kunsmisonderdele daar kry.

Volgens Dewald Steyn (fabrieksbestuurder) is 'n volledige reeks kunsmisonderdele beskikbaar.

"Daar is ook spesiale toebehore vir pype, pypklampe en krane beskikbaar. Hierdie artikels is gewoonlik moeilik om in die hande te kry," het Dewald gesê.

Produsente is welkom om met nood-herstelwerk by die kunsmisaanleg aan te klop. Enkele nood-omruileenhede is ook beskikbaar. Die diens van kunsmispompe word egter in die afseisoen hanteer.

Boerderywenke vir die produsent

Akkerbou

Die meeste gewasaanplantings behoort teen die einde van Desember gefinaliseer te wees. Laat sonneblom- en droëboon-aanplantings kan nog gedoen word.

Topbemesting behoort nou gedoen te word en as riglyn is die ideale tyd om topbemesting toe te dien sowat vier tot vyf weke na plant. Dit verseker dat die plant vegetatief voldoende groei. In terme van die hoeveelheid topbemesting wat toegedien word, kan dit loon om met 'n landboukundige te praat voordat die topbemesting toegedien word.

Afhangende van die beskikbare grondvog en die verwagte weersvooruitsigte kan die toedieningspeil moontlik aanpassings benodig.

In die meeste gewasse is hierdie periode ook die tyd waarin siektes en plae begin kop uitsteek. Daar moet veral by grondbone gelet word op die voorkoms van blaarvleksiektes. Stronkboorders sal ook al redelik aktief wees en bestrydingsprogramme moet in oorleg met die betrokke kundiges gedoen word.

Veekunde

In skape kan die voorkoms van siektes wat deur insekte oorgedra word, soos bloutong, begin voorkom. Hierdie siekte kan doeltreffend bestry word deur gereelde enting. In die geval van bloutong behoort die enting in die vroeë somer reeds gedoen te word. Dragtige ooie en ramme wat gebruik gaan word vir dekking, behoort nie geënt te word nie. In noodgevalle kan sterftes egter deur enting verhoed word.

In beeste behoort entings reeds afgehandel te wees. Bosluise kan egter al hoe meer probleme begin skep en die diere moet behandel word voordat die probleem te groot raak.

'n Goeie fosfaatlek (somerlek) behoort *ad lib* beskikbaar te wees aan alle herkouers. Die koste daarvan lyk soms hoog, maar dit is beslis die moeite werd.

Koop saad met plastiek

Vir baie klante is die saadafdeling, op pad Lafarge toe, een van NWK se bekende bakens op Lichtenburg waar alle saad- en voëlkosbehoeftes bevredig kan word.

Afgesien van aankope wat direk teen klante se rekeninge geplaas kan word, was kontantbetalings of beperkte tjekbetalings die enigste alternatiewe.

Goeie nuus vir ons klante is dat die saadafdeling vanaf 3 Desember 2007 ook toegerus is met kaartfasiliteite. Al wat nodig is, is 'n geldige debiet- of kredietkaart.

Vir enige verdere inligting, kontant gerus vir Elsabé Pretorius of Lodewyk de Beer van die saadafdeling by (018) 632-3023.

Beskerm jou kosbaarhede

Kosbare items, soos juwele en pelse, word beperk tot gemiddeld 30% van die waarde van die totale waarde van die inhoud van jou huis. Maak seker dat die versekerde bedrag van jou huis-inhoud voldoende is om die totale **vervangingswaarde** van al sodanige items te akkommodeer.

Algemeen

Aandelenuus

Die volgende aandele van NWK Beperk en NWK Beherend Beperk het vanaf 1 Oktober 2007 tot 16 November 2007 verhandel:

NWK Beperk

Getal	Prys per aandeel
214 216	R4,10
81 246	R4,15
295 462	

NWK Beherend Beperk

Getal	Prys per aandeel
176 124	R2,70
162 116	R2,75
338 240	

Belangstellende kopers en verkopers kan Sekretariaat by (018) 633-1158/9 skakel indien hulle belangstel om aandele te koop of te verkoop.

Personeelskuiwe en aanstellings

Handel

Herman Biewenga, voorheen van Buhrmannsdrif, is nou bestuurder op Ottosdal, terwyl Manie Wessels na Buhrmannsdrif geskuif het as bestuurder. Andries Engelbrecht is nou in beheer van die Shell rybaan op Ottosdal.

Graandienste

Riaan Steyn sal voortaan as depotbestuurder die fort hou by Lusthof. Hy is aangestel in die plek van Leon Breedt, wat bevorder is na die pos van berokingsinspekteur.

Nuut op die rak: Opti-Bulletin

Noordwes Voere se eie nuusblad, Opti-Bulletin, het gedurende Mei 2007 die lig gesien. Hierdie blad bied kort, treffende artikels oor hoe Noordwes Voere se produkte waarde tot jou boerdery kan toevoeg. Dit is 'n 4-blad, volkleur publikasie propvol tegniese en bedryfsinligting. Dit verskyn vier keer 'n jaar in Afrikaans en word saam met die NWK maandstate uitgestuur. Dit is ook by NWK se handelswinkels beskikbaar.

New Holland presteer in Europa

Die T7000 trekker van New Holland was die wenner van die gesogte "Trekker van die Jaar" -toekenning by die Agritechnica meganisasieskou in Europa. Die lof het egter bly instroom vir dié trekker, toe dit ook met die "Goue Trekker vir Ontwerp"-toekenning bekroon is.

Inskrywings is beoordeel op grond van ontwerp, produktiwiteitskenmerke en dryfvermoë deur 'n paneel van die voorste plaasmeganisasie-joernaliste en -spesialiste van regoor Europa.

Die vier-model T7000-reeks het sedert sy bekendstelling reeds opslae gemaak met sy "fluisterstil" bewerking en hoë werkverrigting, wat uitstekende diens aan kliënte lewer in terme van produktiwiteit.

Wat die trekker verder van sy mededingers onderskei, is die interieur, wat uitstekende sigbaarheid aan die drywer bied. 'n Uitgebreide ontwikkelingsprogram het verseker dat die trekker 'n staatmaker is wat ook maklik is om te onderhou.

Van links: Carlo Lambro (vise-president: New Holland, Europa) en Giuseppe Gavioli (bestuurder: Ingenieursdienste, CNH).

Wen 'n reis na Maleisië met NWK Handel se Engen promosie

NWK se handelswinkels het einde verlede jaar 'n promosie op Engen Olieprodukte aangebied. Elke klant wat 210 liter of meer olie koop, hetsy 210 liter dromme of 20 liter kanne, het in aanmerking gekom vir die gelukkige prystrekking deur Engen. Die groot prys wat gewen kon word, is 'n reis na die 2008 F1 Grand Prix in Maleisië.

Klante het ook gekwalifiseer vir korting op die volgende Engen produkte tydens die promosie by alle NWK handelswinkels:

- 90c per liter korting indien een tot vyf 210-liter dromme aangekoop is.
- R1,10 per liter korting indien ses en meer 210-liter dromme aangekoop is.
- 70c per liter vir elke tien 20-liters aangekoop.
- 70c per kilogram vir elke elf 18 kg ghries aangekoop.

Die wenner van die reis na Maleisië sal vroeg in 2008 aangekondig word.

Coligny se handelswinkel het 'n oorspronklike uitstalling saam met die Engen promosie opgerig. Hier staan Piet van der Westhuizen (bestuurder: Coligny winkel) by die 1966 Mercedes Benz, wat die fokuspunt van Coligny se uitstalling was. Dié veteraanmotor behoort aan Jan Haywood, 'n personeellid.

Gee jou hond die *Superior*-voordeel

***Superior* hondekos kry eersdaags 'n verpakking wat beslis die aandag sal trek – én die kos sal vars hou met 'n foelielaag-voering. Dit word wetenskaplik geformuleer deur 'n diere voedingkundige en word deur hondetelers aanbeveel. Die nuwe verpakking sal die uitstekende voedingswaarde van *Superior* hondekos komplimenteer.**

Die *Superior* hondekosreeks bevat Vitamiene C en Omega 3 en 6 vir verlaging in honde se gesondheidsrisiko's en bevordering van die goeie kondisie van die hond se vel en hare. Dit bevat ook geen preserveermiddels nie. *Superior* bevat L-Carnitine, wat honde help om vetsure in energie om te skakel. Hierdie proses help ook met die vermindering van cholesterol en lipiede (vette).

Superior is geformuleer volgens honde se spesifieke behoeftes, naamlik vir groot volwasse honde (Adult), medium grootte volwasse honde (Small Adult), baba hondjies (Puppy), senior (Senior) en hardwerkende honde (Professional).

Die produk vir volwasse honde is beskikbaar in 20 kg- en 8 kg-pakke. Die baba hondjie-formulasie is in 1,75 kg en 4 kg pakkies beskikbaar, terwyl die professionele reeks as 20 kg- en 8 kg-pakke verkoop word.

Twee nuwe produkte word by die reeks gevoeg, naamlik dié vir medium grootte volwasse honde (soos foksterriërs, worshonde en maltesers) en senior honde, wat later in 2008 beskikbaar sal wees. Die verpakkings vir klein volwasse honde is in 8 kg en 4 kg beskikbaar, met die Senior wat in 20 kg en 8 kg beskikbaar sal wees.

Die kleiner verpakkings spog met 'n spesiale "Ziplock" – die pak kan herseël, wat help om die kos vars te hou nadat dit oopgemaak is.

Die *Superior* hondekosreeks sal in Februarie 2008 by NWK se handelswinkels bekend gestel word. Dit sal in Maart ook by uitgesoekte troeteldierwinkels en enkele groothandelswinkels in Gauteng beskikbaar wees.

Volgende direksie-vergadering

Die eerste Direksievergadering van 2008 vind op 19 Februarie 2008 plaas.

SMS-kompetisie bied groot pryse

Noordfed, 'n filiaal van NWK, bied van 5 November 2007 tot 14 Januarie 2008 'n SMS-kompetisie, waarin groot pryse gewen kan word. Hierdie pryse sluit selfone en geskenkbewyse vir lugtyd in.

Al wat jy hoef te doen om vir die pryse te kwalifiseer, is om 'n 5kg-pak Supergoal mieliemeel by enige Noordfed-verspreider te koop. Binne-in die pak mieliemeel sal jy 'n kaartjie vind. Die nommer wat op die kaartjie verskyn, kan dalk groot pryse werd wees!

SMS dié nommer en die naam van die dorp of stad waar jy jou pak mieliemeel gekoop het, na 35377. Dit kos R3 per SMS en slegs een SMS per kaartjie word toegelaat. Wenners sal per SMS in kennis gestel word. Die trekking vir die Samsung E250-selfone sal op 5 Februarie 2008 plaasvind.

Vir meer inligting, besoek jou naaste NWK handelswinkel of verspreider van Noordfed-produkte.

Wie's wie in NWK?
– Ontmoet Dewald Steyn

Dewald Steyn, fabrieksbestuurder van NWK Vloeibare Kunsmis, werk reeds amper ses jaar by dié aanleg. Hy is 'n plaasjapie van Gerdau, wat ná skool B.Agric aan Kovsies studeer het, met Agronomie en Veekunde as hoofvakke.

Hy het in 2002 by die Vloeibare Kunsmis-aanleg aangesluit, na 'n tyd in die weermag, op die plaas en in die veebemarkingsbedryf. Volgens Dewald is dit egter ongelooflik lekker om by die aanleg te werk en probeer hy dit bestuur asof dit sy eie is. "Ek probeer ook die personeel só motiveer dat hulle trots voel op die aanleg," het Dewald gesê.

Dewald en sy weermagliefde, Jurette, is steeds getroud en dolgelukkig. Jurette is 'n bloemiste op Lichtenburg. Sy en Dewald het drie kinders, Christine, Alexander en Marlene. Christine is 'n meulmaker by Holcim, terwyl Alexander as netwerkingenieur bekwaam is. Marlene, die jongste, is pas terug van oorsee waar sy op 'n passasiersboot as skoonheidsterapeut gewerk het.

In sy vrye tyd geniet Dewald dit om tyd saam met sy wedvlugduiwe te spandeer. Hy en Jurette besit tans 100 vliegduiwe en 60 broeiduiwe. Hy is ook lief vir visvang en jag.

Volgens Dewald lê die resep vir sukses in positiwiteit en die nastreef van jou doelwitte. "Jou hele lewe moet georden

Dewald Steyn

wees," vertel Dewald. Hy lees ook graag, veral outobiografieë en boeke oor metafisika.

NWK drukkery is jou antwoord

NWK het 'n volwaardige drukkery wat, benewens die hantering van die NWK Groep se drukwerk, ook drukwerk vir die publiek doen.

Jy kan hier van 'n gewone fotostaat tot volkleur-drukwerk op basies enige soort papier laat doen.

Alle tipe boeke (soos faktuur-, kwitansie- of werkkaartboeke), strooibiljette en plakkate, tot en met A2-grootte, kan hier gedruk word.

Wat die ontwerp en uitleg van drukwerk betref, spog NWK Drukkery met van die nuutste en beste tegnologie. Een van die nuutste toevoegings is die IMAC G5-Applemac, waarmee Lynette Verster al die grafiese ontwerpe optower.

Een van die nuutste kleurfotostaatmasjiene stel ons ook in staat om van besigheidskaartjies tot A3-grootte foto's hiermee te druk. Lamineerwerk tot A3-grootte kan ook gedoen word.

Die drukkery is by NWK se Hoofkantoor in Scholtzstraat, Lichtenburg, geleë. Skakel met Riaan Esterhuizen vir 'n gratis kwotasie by (018) 633-1287.

Wen!

Twee gelukkige lesers kan elkeen twee van hierdie buitelug Spider stoele, ter waarde van R210, wen.

Beantwoord net die volgende maklike vraag: **Wat is die naam van die projek wat op 17 September 2007 afgeskop het?**

Inskrywings

Stuur die inskrywingsvorm agter op 'n toegeplakte koevert aan: Johan Bezuidenhout, NWK Korporatiewe Bemarking,Posbus107,Lichtenburg, 2740. Of stuur 'n faks (018) 633-1916 of e-pos *jbezuidenhout@nwk.co.za*. Inskrywings moet hom voor of op 1 Februarie 2008 bereik.

Vorige wenner

Baie geluk aan mev PE Malan van Nooitgedacht wat die Cadac 45 liter Combo koelhouer gewen het.

Inskrywingsvorm

Naam en van: _____

_____

Lidnommer: _____

Adres: _____

_____

Tel: _____

Sel: _____

Antwoord: _____

Reëls

1. Slegs klante en aandeelhouers mag aan die kompetisie deelneem – nie NWK personeel nie.
2. Slegs een inskrywing per persoon.
3. Die wenner sal telefonies in kennis gestel word en sy/haar naam sal in die volgende uitgawe van *NWK Koördinaat* verskyn.
4. Die prys sal na die naaste NWK bedryfspunt gestuur word en kan daar afgehaal word.
5. Die prys kan nie vir kontant verruil word nie.
6. Die prystrekking word deur Pricewaterhouse-Coopers behartig.

NWK KOÖRDINAAT

NWK Koördinaat **is 'n bedryfsinligtingsblad wat in opdrag van NWK Korporatiewe Bemarking deur Infoworks saamgestel en uitgegee word.**

REDAKSIE
Johan Bezuidenhout (018) 633-1368 • 082 459 6830 • *jbezuidenhout@nwk.co.za* • *www.nwk.co.za*
Elmarie Cronje (018) 468-2716 • 084 841 8204 • *elmarie@infoworks.biz*

UITGEWER
Johan Smit 082 553 7806 • *johan@infoworks.biz*
Infoworks (018) 468-2716 • *www.infoworks.biz*

infoworks
Your ideas can fly

Alle regte van *NWK Koördinaat* word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.